Publication: Beeld (Pretoria)

Date: Wednesday, February 07, 2024

Page: 2



**Lawson Naidoo** Foto: ELIZABETH SEJAKE

# 'Verwerp wetswysigings oor finansiering'

**Christiaan du Plessis**

Die voorsienings in die Wysigingswetsontwerp op Verkiesingsake wat aan die president groter mag gee om die formules en regulasies vir die finansiering van politieke partye te bepaal, "is 'n tree agteruit en moet verwerp word", sê die grondwetwaghond Casac.

Die ander voorsiening, wat die formule vir die finansiering van politieke partye wysig, sal volgens Casac boonop groter partye bo kleineres finansieel bevoordeel.

Lawson Naidoo, Casac-hoof, het gister aan LP's gesê hoewel die wetsontwerp nodig is om voorsiening te maak vir die deelname van onafhanklike kandidate aan die naderende verkiesings, is dit onnodig om te karring aan die wetgewing oor die finansiering van partye.

"Sommige van die voorgestelde wysigings is verreikend ten opsigte van die finansiering van politieke partye.

"Ons voer aan dat dit nie nodig is nie en dat sulke wysigings eerder deur die nuwe parlement gehanteer moet word om toe te laat vir 'n proses van groter openbare deelname."

Benewens Casac, het die akademikus Michael Atkins, My Vote Counts, die Inclusive Society Institute en dr. Dirk Kotzé, politieke ontleder aan Unisa, ook hul kommer geopper in hul onderskeie skriftelike insette wat oor die wetsontwerp by die parlement ingedien is.

Van hulle het gister in 'n gesamentlike sitting van die parlementêre portefeuljekomitee oor binnelandse sake en die gekose komitee oor veiligheid en justisie hul onderskeie voorleggings gelewer.

Die wetsontwerp van die kabinet is in Desember verlede jaar deur Njabulo Nzuza, adjunkminister van binnelandse sake, namens dr. Aaron Motsoaledi, minister, in die parlement ter tafel gelê.

Luidens 'n voorlegging deur Casac sal klousule 26 van die wetsontwerp die Wet op Finansiering van Politieke Partye wysig op 'n manier wat die vereiste verwyder dat die Nasionale Vergadering eers 'n resolusie moet goedkeur voordat die president regulasies uitvaardig.

Dit bemagtig volgens Casac die president om die formule voor te skryf vir die toekenning van finansiering aan politieke partye en onafhanklike kandidate wat in die parlement en wetgewers verteenwoordig word.

Voorts bemagtig dit die president om voor te skryf wat die maksimum bedrag is wat 'n skenker per jaar aan politieke partye mag skenk en wat die minimum bedrag moet wees vir 'n party om die betrokke skenking te moet verklaar.

Robyn Pasensie van My Vote Counts sê die wysigings skep die potensiaal om misbruik te word en 'n belangebotsing vir die president te skep omdat hy tans die leier van die regerende party is.

"Dit sal ook geheimhouding oor finansiering laat toeneem."

Atkins sê die afsonderlike wysiging van die formule oor die toedeling van finansiering sal veroorsaak dat die ANC en die DA 'n groter persentasie van die finansiering van onder meer die veelpartydemokrasiefonds van die Verkiesingskommissie ontvang.

"Dit bevoordeel die grootste politieke partye en die wysiging verminder die finansiering vir die meeste van die kleiner partye drasties," sê Atkins.

"Daar is geen objektiewe en substantiewe verduideliking van waarom dit ingesluit is as deel van wetgewing oor die deelname van onafhanklike kandidate nie."

Atkins meen ook slegs die nodigste wysigings betreffende onafhanklike kandidate moet gedoen word weens die tydsdruk om die wetsontwerp voor die verkiesings later vanjaar deur die parlement te voer en dit te bekragtig.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.